| 5.19 | • Dit is ironies, want ...<br>• Bonsile het vir Poppie hartseer gebring/'n ekstra las gebring.<br>• niks het eintlik vir Poppie reggekom na Bonsile se geboorte nie.<br>• Poppie het steeds na Bonsile se geboorte met haar pas gesukkel/gesukkel om werk te kry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.20.1 | Poppie loop nie weg van haar verantwoordelikhede nie.<br>*(5.20.1 moet korrek wees om 'n punt by 5.20.2 te verdien)* | 1 |
| | | |
| 5.20.2 | • Poppie het finansieel vir die baba gesorg.<br>• Poppie het geweet sy moet na die baba omsien.<br>• Poppie het nie die baba as 'n las gesien nie.<br>• Poppie het opgestaan en gaan werk al was sy hartseer oor/na haar man se dood.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.21 | Stone het vir Bonsile die voorbeeld gestel dat jy ...<br>• netjies moes wees.<br>• daar moet wees vir jou kind.<br>• finansieel vir jou kind moet sorg.<br>• jou kind se ma moet ondersteun.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.22 | • Poppie het besef dat daar nie vrede sal kom nie.<br>• Poppie het besef dit maak nie saak wat jy beplan nie, die Here bepaal jou pad.<br>• Poppie het besef dat alles toe oorgegee moes word in haar kinders se hande.<br>• Poppie het besef dat haar kinders ingesleep is by die moeilikheid, maar sy kon hulle nie help nie.<br>• Poppie het besef dat sy gedoen het wat sy kon en haar kinders moes toe verder aangaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.23 | • Dit ondersteun die feit dat Poppie probeer het om haar kinders in geloof groot te maak.<br>• Dit dui aan dat Poppie net aanhou bid vir haar familie en kinders.<br>• Die boodskap is dat die Here se wil geskied.<br>• Ons moet aanvaar dat sekere dinge nie verander kan word nie.<br>• Om 'n atmosfeer van berusting te skep.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

**VRAAG 6: PALJAS – Chris Barnard**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.1 | • Willem kon nie praat nie.<br>• Willem het 'n spraakprobleem gehad.<br>*(Enige EEN of soortgelyk)* | 1 |
| | | |
| 6.2 | • Dit was 'n klein/**afgeleë** stasietjie in die Karoo.<br>• Niemand het geweet van 'n sirkus wat hierheen sou kom nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.3 | • Die nar ken Willem glad nie.<br>• Willem is klein om so 'n groot dier te kan hanteer.<br>• Die nar het nie geweet of kind en dier se temperamente sou aanpas nie.<br>• Willem het dan glad nie gereageer toe die nar met hom praat nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.4 | Die sirkusmense het ...<br>• Hendrik se stasie beledig (moerse ou stasietjie).<br>• Hendrik gespot/name genoem.<br>• Hendrik gedreig/getart deur messe in kratte langs hom te gooi.<br>• Hendrik se instruksies om nie op die trokke te klim nie, geïgnoreer.<br>• nie na Hendrik geluister nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 6.5 | • Bertie het Emma vasgedruk/haar probeer soen/onwelvoeglik opgetree.<br>• Bertie het Emma van agter af gegryp/aan haar boude gegryp.<br>• Bertie het Emma teen die trok vasgedruk en haar gemolesteer.<br>• Bertie het onder Emma se rok gevroetel.<br>• Bertie het vir Emma afgeloer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.6 | Katrien het die treine gesien as ...<br>• haar ontvlugting/ontsnapping.<br>• 'n manier om weg te kom van die stasie af.<br>• vryheid/'n beter toekoms/lewe.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.7 | Dit wys ...<br>• dat Willem se selfvertoue verbeter. (Mag ook voorbeelde noem van verbeterde selfvertroue).<br>• die vriendskap tussen Willem en die nar.<br>• op tydsverloop.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.8 | • A<br>• tekeninge te maak.<br>• A tekeninge te maak.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 6.9 | Skuur | 1 |
| | | |
| 6.10.1 | Willem se ouers het (voor hom) baklei/gestry/geargumenteer. | 1 |
| | | |
| 6.10.2 | • Hendrik het besef dat Katrien vir hom lief was.<br>• Hendrik het besef dat Katrien hom nie vir 'n ander man sou los nie/dat hy die enigste liefde in Katrien se lewe was.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.11 | • Hendrik sou Manuel weggestuur/ weggejaag het.<br>• Willem sou nie meer 'n vriend gehad het nie.<br>• Manuel se paljas sou nie gewerk het nie. (Voorbeelde kan genoem word)<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.12 | was klaar met die sirkus. | 1 |
| | | |
| 6.13.1 | Emma ...<br>• het weer begin klavier speel.<br>• kon teen haar pa opstaan.<br>• sê dat hulle moes praat oor dit wat belangrik is.<br>• was bereid om vir Nollie 'n kans te gee.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.13.2 | Willem ...<br>• het weer gepraat.<br>• was gelukkig.<br>• het ook begin musiek maak.<br>• se selfvertroue het gegroei/se angstoestand het verdwyn.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.13.3 | Hendrik ...<br>• se verhouding met Katrien het verbeter/was toe 'n beter man vir sy vrou.<br>• het sy huismense beter verstaan/na hulle geluister/was 'n beter pa vir sy kinders.<br>• kon die dorpsmense vergewe.<br>• kon saam met sy gesin/vriende dans en lag.<br>• kon toe praat oor dinge wat belangrik is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.14 | • Dit is toneelaanwysings/neweteks.<br>• Dit verduidelik wat die karakters moet doen.<br>• Dit dui gedagte/handeling aan.<br>• Dis nie deel van die dialoog nie.<br>• Dit gee aan die leser 'n visuele beeld van wat in die hof gebeur.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.15 | Willem het vir Manuel/die nar kos gevat.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.16.1 | • C<br>• Daar is skinderstories oor Katrien.<br>• C Daar is skinderstories oor Katrien.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 6.16.2 | • A<br>• Die dorpsmense glo dat die McDonalds met duiwelskuns besig is.<br>• A Die dorpsmense glo dat die McDonalds met duiwelskuns besig is.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 6.16.3 | • D<br>• Hy skiet die eerste skoot op die nar.<br>• D Hy skiet die eerste skoot op die nar.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 6.16.4 | • B<br>• Hendrik en sy gesin verlaat die dans.<br>• B Hendrik en sy gesin verlaat die dans.<br>*(Enige EEN)* | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.17 | Die dominee ...<br>○ het nie geweet wat die waarheid is nie.<br>○ het die mense in hul skinderstories ondersteun.<br>○ het die McDonalds swak geken.<br>○ was partydig.<br>○ het nie die rol van vredemaker gespeel nie.<br>• Hendrik-hulle was ook deel van sy gemeente nes die skinderbekke.<br>• 'n Dominee moet mense die regte pad wys/teregwys as hulle skinder.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.18 | • D<br>• op mense se gesigte te teken.<br>• D op mense se gesigte te teken.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 6.19 | D Hendrik raak van die nar se teenwoordigheid bewus.<br>A Die McDonalds versorg die nar.<br>B Die nar gee sy konsertina vir Willem.<br>C Die dorpsmense aanvaar die McDonalds. | 4 |
| | | |
| 6.20.1 | Hulle glo net hulle is reg. (onverdraagsaam)<br>*(6.20.1 moet korrek wees om 'n punt by 6.20.2 te verdien)* | 1 |
| | | |
| 6.20.2 | • Hulle jaag mense wat anders lyk/die nar uit hulle kerk.<br>• Hulle veroordeel sonder om die feite te hê.<br>• Hulle skinder.<br>• Hulle is aggressief teenoor onskuldige mense.<br>• Hulle sal selfs moor in die naam van die dominee.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.21 | • Manuel wou graag by die McDonalds wees,✓ maar hy het besef hulle word oor hom gestraf.✓<br>• Manuel het lief geword vir die McDonalds/sou graag vir Willem verder wou ondersteun,✓ maar hy was ook lief vir die sirkus.✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat moet albei kante noem om die punte te verdien. Twee punte of geen.)* | 2 |
| | | |
| 6.22 | Manuel het vir Willem geleer dit is beter om te lag of te speel as om te huil/die lewe is te kort vir trane.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.23 | • Manuel se paljas het gewerk.<br>• Manuel het hom geleer om weer te lag/te speel.<br>• Willem kon weer praat.<br>• Willem se gesin/ouers was gelukkig, toe was hy gelukkig.<br>• Die spanning/angs in sy lewe was weg.<br>• Emma het weer klavier gespeel.<br>• Emma en Nollie was bymekaar.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


## VRAAG 7: FIELA SE KIND – DIE DRAMA - Dalene Matthee

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.1 | • Die magistraat moes sê wie se kind Benjamin was.<br>• Die magistraat moes vasstel of Benjamin die vermiste Van Rooyen-kind was.<br>• Die magistraat moes besluit by wie Benjamin hoort.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.2 | • Fiela was **ongelukkig/kwaad/verontreg.**<br>• **Fiela het nie lekker gevoel** nie.<br>• Fiela was **hartseer/ontsteld** (dat hulle haar kind gaan wegvat).<br>• Fiela was **bekommerd/b**ang (oor wat die hof gaan besluit).<br>• Fiela was **onrustig/senuagtig** (omdat sy geweet het Benjamin was wit en het by hulle grootgeword).<br>• Fiela was **hoopvol/optimisties** (dat die magistraat in haar guns sou besluit).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.3 | D 'n Driejarige kind verskyn voor Fiela se agterdeur.<br>A Die sensusmanne kom Wolwekraal toe om die mense op te skryf.<br>C Benjamin sê vir Fiela dat sy skuitjie tot onder in die vangdam gedryf het.<br>B Fiela knoop vyf sjielings in die lap om te wys dat die Komoeties nie kaalgat is nie. | 4 |
| | | |
| 7.4 | • D<br>• daar was nie vir haar plek om saam Knysna toe te ry nie.<br>• D daar was nie vir haar plek om saam Knysna toe te ry nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 7.5 | • Benjamin is saam met vreemdelinge/die Van Rooyens Bos toe.<br>• Benjamin was bang/verward/gespanne omdat hy saam met die Van Rooyens moes gaan.<br>• Benjamin het ontuis by die Van Rooyens gevoel.<br>• Benjamin is weggeneem van die Komoeties af.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.6 | weledele heer | 1 |
| | | |
| 7.7 | • Een van die sensusmanne<br>• Lange (met die bril)<br>• Die man wat sy trommel gaan haal het<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.8 | • Barta was bang (vir Elias/die vreemde situasie).<br>• Barta was onseker van haarself /verward/onder druk/het nie geweet wat om te doen nie.<br>• Barta was gewoond daaraan om te doen wat ander haar beveel om te doen.<br>• Barta was iemand wat haar maklik laat intimideer/ manipuleer het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.9 | • Barta wonder of sy moet jok ✓of die waarheid praat.✓<br>• Barta was onseker of dit haar kind was, ✓ maar sy probeer die indruk skep dat sy seker is dis haar kind. ✓<br>• Barta het **skuldig gevoel** dat sy gejok het,✓ maar sy was ook **verlig** dat hierdie kind miskien haar verlore kind is.✓<br>• Barta het **skuldig gevoel** dat sy beïnvloed is om die seun met die blou hemp uit te ken,✓ maar **verlig** dat sy nie self moes besluit nie.✓<br>• Barta was **verlig** dat sy klaar met die magistraat was,✓ maar sy was **bang** hy sou uitvind dat sy gelieg het.✓<br>• Barta weet Benjamin is nie haar seun nie,✓ maar sy kies hom nietemin. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat moet albei kante noem om die punte te verdien. Twee punte of geen punte.)* | 2 |
| | | |
| 7.10.1 | Die magistraat het besluit dat ...<br>• Benjamin die Van Rooyens se verlore kind was.<br>• wit bly by wit<br>• Benjamin saam met die Van Rooyens huis toe moes gaan.<br>• dit vir Benjamin beter sou wees by die Van Rooyens.<br>• hy Lukas van Rooyen was.<br>• Benjamin nie 'n Komoetie was nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.10.2 | • Elias het ...<br>○ net 'n ekstra paar hande gesoek om te werk.<br>○ vir Lukas misbruik/sleg behandel. (Mag ook voorbeelde van hierdie misbruik noem.)<br>○ Lukas se kindwees van hom ontneem.<br>○ nie soos 'n liefdevolle vader/ouer teenoor Benjamin opgetree nie.<br>○ nie regtig vir sy (verlore) seun omgegee nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.11 | • Fiela het nie geleentheid gehad om haar kant van die saak te stel nie/net na Barta geluister/nie na al die feite gekyk nie (driejarige kind oor berg/watter klere die kind aangehad het nie).<br>• Die magistraat het die besluit op grond van Lukas se velkleur geneem.<br>• Fiela kon Benjamin nie groet nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.12 | • Dit is toneelaanwysings/neweteks.<br>• Dit verduidelik wat die karakters moet doen.<br>• Dit dui gedagtes/handeling aan.<br>• Dis nie deel van die dialoog nie.<br>• Dit gee aan die leser 'n visuele beeld van wat in die hof gebeur.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.13 | • Die eerste keer wou sy 'n klagte teen die sensusmanne lê (wat haar kind kom haal het en nie teruggebring het nie)/gaan hoor waar haar kind was.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>• Die tweede keer wou sy:<br>○ by die magistraat/Salomo vra hoekom hy nie al twee die ma's hof toe laat kom het nie.<br>○ die magistraat oor sy besluit konfronteer.<br>○ weet hoe die magistraat gedink het hoe so 'n jong kind so ver kon loop.<br>○ hê die bosvrou moes kom sê wat haar kind aangehad het die dag toe hy weggeraak het.<br>○ weet wat van haar kind geword het/waar haar kind was.<br>○ die magistraat oortuig om haar kind terug te gee.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 7.14 | 'n goeie opvoeding gekry. | 1 |
| | | |
| 7.15.1 | • C<br>• Barta dring daarop aan dat Elias eerder vir Nina slaan.<br>• C Barta dring daarop aan dat Elias eerder vir Nina slaan.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 7.15.2 | • D<br>• Elias kry inligting oor die rigting waarin Lukas probeer wegloop.<br>• D Elias kry inligting oor die rigting waarin Lukas probeer wegloop.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.15.3 | • B<br>• Lukas moet leer almal deel alles in die Bos.<br>• B Lukas moet leer almal deel alles in die Bos.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 7.15.4 | • E<br>• Lukas kan nie sy broer se begrafnis bywoon nie.<br>• E Lukas kan nie sy broer se begrafnis bywoon nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 7.16 | • D<br>• gelieg het oor<br>• D gelieg het oor<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 7.17.1 | Fiela het Benjamin ...<br>• fisies versorg.<br>• emosioneel versorg.<br>• van liefde en omgee geleer.<br>• soos haar eie kind grootgemaak/was die enigste ma wat hy geken het.<br>• toegelaat om kind te wees.<br>• 'n goeie opvoeding gegee/leer lees en skryf/van die Bybel geleer.<br>• trots gemaak op wie hy was/om 'n Komoetie te wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.17.2 | Nina het ...<br>• Benjamin liefgehad/hom as haar broer gesien<br>• Benjamin kom vertel dat Dawid dood is.<br>• die boodskap dat Benjamin nie gaan terugkom nie aan Elias gaan oordra.<br>• Benjamin probeer beskerm.<br>• na Benjamin geluister as hy oor sy soeke na sy identiteit praat.<br>• Benjamin/Lukas aangespoor om uit te vind wie hy werklik is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.17.3 | John Benn ...<br>• het vir Benjamin werk gegee.<br>• het verstaan dat Benjamin trots was om 'n Komoetie te wees.<br>• het verstaan dat Benjamin wou teruggaan Lange Kloof toe.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.18.1 | Hy is aggressief.<br>*(7.18.1 moet korrek wees om 'n punt by 7.18.2 te verdien)* | 1 |
| | | |
| 7.18.2 | • Elias sou, as hy kon, honde op Fiela sit om haar te verjaag.<br>• Elias skree op Lukas.<br>• Elias dreig vir Lukas met 'n osriem.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.19 | • Fiela was hartseer omdat Tollie tronk toe moes gaan/nie die boerdery kon oorneem nie.<br>• Fiela was hartseer oor Tollie se verkeerde dade/dronkenskap/messtekery.<br>• Fiela het gevoel dat sy nie vir Tollie die regte pad gewys het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.20 | Benjamin het die (spook)skip gesien.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.21 | Kaliel September het vir Benjamin ...<br>• werk gegee<br>• 'n blyplek gegee.<br>• kos gegee.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.22 | • Benjamin het grond gehad waarop hy kon boer.<br>• Benjamin het stabiliteit gehad.<br>• Benjamin sou saam met die mense wees vir wie hy lief was.<br>• Benjamin kon 'n toekoms saam met Nina beplan.<br>• Benjamin kon wees wie hy altyd wou wees/'n Komoetie wees.<br>• Benjamin het toe vir seker geweet hy was nie Lukas van Rooyen nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.23 | • Benjamin wou die waarheid oor sy identiteit vir Nina gaan vertel.<br>• Benjamin wou vir Nina gaan sê dat hy vir haar lief is.<br>• Benjamin wou Nina vra om saam met hom Lange Kloof toe te gaan.<br>• Benjamin het Nina gaan sien.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

**TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHALE

## *SPIEËLBEELDE*

### VRAAG 8.1: "VAN PRECIOUS: 'N BUISIE SALF" – Maretha Maartens

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.1.1 | • Mevrou Buchner<br>• Die onderwyseres (wat by die redenaarskompetisie betrokke is).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.1.2 | • (Die) Waarheids-(en-Versoeningskommissie)<br>• Waarheid en versoening<br>• Dit het oor politiek/apartheid gehandel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.1.3 | Coenie het 'n lelike vel/probleemvel/baie puisies/aknee gehad.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.1.4 | • C<br>• Skoonlief en die Ondier<br>• C Skoonlief en die Ondier<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 8.1.5 (a) | Mev Buchner het ...<br>• hom aangemoedig/laat verstaan dat hy talent het.<br>• hom as een van die (vyf beste) sprekers **gekies**.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.1.5 (b) | Ma ...<br>• wil wenke gee sodat hy nie 'n gek van homself maak nie.<br>• bring Coenie se skaamheid onder die onderwysers se aandag.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.1.5 (c) | Louise ...<br>• behandel hom soos 'n mens/behandel hom nie asof hy melaats/'n hond is nie.<br>• glimlag soms met hom.<br>• sien nie sy velprobleem raak nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.1.6 | Aan die een kant was hy voorbereid/reg/lus vir die kompetisie, ✓ maar/want/en aan die ander kant het sy gedagte aan sy lelike vel hom bang gemaak/laat dink om nie deel te neem nie. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat moet albei kante noem om die punte te verdien. Twee punte of geen punte.)* | 2 |
| | | |


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.1.7 | D Almal probeer vir Coenie raadgee oor die redenaars-kompetisie.<br>A Die redenaars vertrek saam met hulle onderwyseres.<br>B Die bussie rol.<br>C Coenie en Precious deel hulle geheime en hou mekaar aan die lewe. | 4 |
| | | |
| 8.1.8 | • Die twee kinders kon die **waarheid** met mekaar praat/geheime deel.<br>• Die gesprek het vir Coenie met sy probleme **versoen**.<br>• Die kinders uit verskillende kulture kan mekaar ondersteun.<br>(*Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.1.9 | Precious is verkrag.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.1.10 | (a) Precious gee oplossings vir ander se pyn en probleme.<br>(8.1.10 (a) moet korrek wees om 'n punt by 8.1.10 (b) te verdien) | 1 |
| | | |
| | (b) Toe Precious hoor wat Coenie se probleem is ...<br>○ vertel sy hom wat haar broer doen vir sy vel/noem van wat haar broer vir sy vel doen – gebruik spiritus en spoel sy gesig met soutwater af.<br>○ bied sy aan om vir hom salf skol toe te bring.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.1.11 | Coenie besef dat ...<br>• Precious nie sy lelike vel raakgesien het nie.<br>• sy velprobleem nie so uniek is nie.<br>• sy probleemvel nie altyd deur ander mense raakgesien word nie.<br>• sy velprobleem onbenullig is in vergelyking met wat met Precious gebeur het.<br>• sy velprobleem tydelik is/net uiterlik is, maar dat letsels van binne moeiliker genees.<br>• as mense vir jou omgee, maak die uiterlike nie saak nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| | **EN** | |

**VRAAG 8.2: KONTEKSTUELE VRAAG**

**"ROEP VAN DIE VLEIKUIKEN" – Margaret Bakkes**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.2.1 | • Hy was in 'n (motorfiets) ongeluk.<br>• Hy het sy been baie seergemaak in 'n (motorfiets) ongeluk.<br>• Hy is deur 'n motorfiets raakgery/geskep.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.2 | Jaap het hom ...<br>• genooi om op die (wilds)plaas te gaan kuier.<br>• omgepraat om saam met hom (wilds)plaas toe te gaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.3 | Die jongman se pa het ...<br>• met dokters gaan praat om die operasie (met nog 'n week) uit te stel (sodat sy seun kon plaas toe gaan).<br>• vir hom 'n bakkie gekoop (sodat hy meer vryheid kon hê).<br>• voorgestel dat sy seun Natuurbewaring moes gaan studeer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.4 | • Die een het hom gelos omdat hy te lank buite aksie was met sy been/omdat sy gips glo gestink het/hy het befoeterd geraak/hy het te veel verander.<br>• Die ander een wou nie 'n jaar vir hom wag nie./Hy was te ver van die ander een af.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 8.2.5 | Dit is jare waarin ...<br>• dit met die jongman sleg gegaan het. (Mag voorbeelde van slegte dinge gee – jare waarin hy pyn gehad het)<br>• daar niks opwindends/goeds/positiefs in die jongman se lewe plaasgevind het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.6 | of sy passie vir die natuur die moeite werd is | 1 |
| | | |
| 8.2.7 | • Daar is (nou) so baie positiewe dinge dat hy wil wakker wees om daaroor te dink.<br>• Hy dink dit is 'n sonde om te slaap as die natuur en die geluide snags so mooi om jou is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.8 (a) | • Die jongman was lief vir die natuur.<br>• Hy was nie 'n stadsmens nie.<br>• Die proeftydperk was nie vir hom te lank nie.<br>• Hy was 'n alleenmens wat hierdie werk sou geniet.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.2.8 (b) | Die jongman ...<br>• was nou tevrede met sy lewe.<br>• wou hierdie nuwe fase met iemand deel.<br>• was meer optimisties oor die lewe.<br>• was nou goed genoeg vir 'n ander Nina.<br>• kon nou vir iemand 'n toekoms bied/het nou werk gehad.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.9 | kon wegkom van alles wat vir hom sleg is | 1 |
| | | |
| 8.2.10 | • A<br>• nou gelukkig in sy werk is.<br>• A nou gelukkig in sy werk is.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 8.2.11 | Dit simboliseer die natuur/buitelewe wat na die jongman roep.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.12 (a) | • C<br>• Die jongman begin die dokters en volwassenes wantrou.<br>• C Die jongman begin die dokters en volwassenes wantrou.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| (b) | • B<br>• Die jongman is geïrriteerd.<br>• B Die jongman is geïrriteerd.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| (c) | • A<br>• Die jongman beleef vryheid op die plaas.<br>• A Die jongman beleef vryheid op die plaas.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| (d) | • D<br>• Die jongman se lewe is nou weer doelgerig.<br>• D Die jongman se lewe is nou weer doelgerig.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | **[35]** |

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

### 9.1 BY DIE ROBOT IN EERSTELAAN – Marita van Aswegen

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.1.1 | • Dit sê vir ons waar die gebeure afspeel.<br>• Die gebeure speel by die robot in Eerstelaan af.<br>• Dit gee (gedetaileerde) inligting oor die ruimte.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.1.2 | • "twee pare voete"<br>• "pare voete girts"<br>*(Enige EEN)*<br>*(DRIE opeenvolgende woorde)* | 1 |
| | | |
| 9.1.3 | • (Uit reël 3 lei ons af dat) hy die vorige dag/gister ook daar gestaan het.<br>• "sy bene is so lam van gister se staan"<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.1.4 | Die blinde ...<br>• protesteer nie/kom nie in opstand nie/is inskiklik/is passief.<br>• doen alles wat vir hom gesê word om te doen/is gehoorsaam/onderwerp hom aan die tsotsi.<br>• tree soos 'n robot op.<br>• bedel sonder om daaroor te kla.<br>• aanvaar net sy lot.<br>• laat hom manipuleer/tree op asof hy nie 'n sê het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.1.5 | • C<br>• hy die reuk van die vis en tjips kry.<br>• C hy die reuk van die vis en tjips kry.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 9.1.6 | uiterlike | 1 |
| | | |
| 9.1.7 | • Hy is listig/slu/skelm/bedrieglik/aggressief/dreigend/ gevaarlik.<br>• Hy drink/is 'n alkoholis/dronkaard.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.1.8 | • Ek is/voel woedend/kwaad/haat (die tsotsi).<br>• Ek voel afsku./Ek hou nie van die tsotsi nie.<br>• Ek is/voel ongelukkig/hartseer/teleurgesteld (oor die tsotsi se optrede).<br>• Ek is/voel aggressief (teenoor die tsotsi).<br>• Ek is/voel gefrustreerd.<br>• Ek is/voel magteloos.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.1.9 (a) | • "klingel"<br>• Klingel<br>• Geld klingel in die blikkie.<br>• in die blikkie <u>klingel</u> vyf sent en 'n rand<br>• blikkie klingel<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 9.1.9 (b) | • Dit is hoe die bedelaar sy wêreld leer ken – klanke.<br>• Die bedelaar kan nie sien nie/is blind.<br>• Die bedelaar kan net op sy gehoor staatmaak om sy omgewing te verstaan.<br>• Die spreker skep 'n beeld van die bedelaar se wêreld.<br>• Die klanknabootsing laat ons ervaar wat die blinde ervaar.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.1.10 (a) | • D<br>• vergelyking<br>• D vergelyking<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 9.1.10 (b) | • C<br>• personifikasie<br>• C personifikasie<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 9.1.10 (c) | • A<br>• alliterasie<br>• A alliterasie<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 9.1.11 | • Die tsotsi vat (al) die geld wat die bedelaar kry.<br>• Die bedelaar gaan nie daardie geld kry nie.<br>• Die tsotsi gaan met die geld bier koop.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.1.12 (a) | FISIES:<br>• Die blinde bedelaar moet die heeldag staan (en bedel).<br>• Die blinde se arm word geruk/gepluk.<br>• Die tsotsi laat die bedelaar honger ly.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Aanhalings moet verduidelik word.)* | 1 |
| | | |
| 9.1.12 (b) | EMOSIONEEL:<br>• Die tsotsi lag die blinde uit.<br>• Die tsotsi dreig/sê dat as die blinde nie geld kry nie, los hy hom net daar (in die straat).<br>• Die tsotsi praat lelik met/tree gevoelloos op teenoor die bedelaar.<br>• Die tsotsi laat die bedelaar bang/angstig voel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Aanhalings moet verduidelik word.)* | 1 |

ÉcoleBooks

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.1.13 | Ek voel:<br>• jammer✓<br>• simpatiek✓<br>• ongelukkig✓<br>• hartseer✓<br>• skuldig✓<br>• gefrustreerd✓<br>• kwaad✓<br>• hulpeloos✓<br>• dankbaar✓<br><br>Hoekom voel ek só:<br>• Niemand behoort so swaar te kry nie.✓<br>• Hulle lewens is moeilik.✓<br>• Hulle word misbruik.✓<br>• Dit kon ek gewees het.✓<br>• Ons doen nie genoeg vir ons medemens wat swaarkry nie.✓<br>• Ons behoort meer te doen.✓<br>• Ek weet nie of die geld wat ek gee deur hulle gebruik sal word nie. ✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. EEN punt vir gevoel en EEN punt vir rede hoekom jy so voel.)* | 2 |
| | | |

ÉcoleBooks

| | | |
|---|---|---|
| | **EN** | |

**VRAAG 9.2: "HUISKAT" – Elizabeth Eybers**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.2.1 | Ons verwag dat so 'n gedig sou handel oor ...<br>• die beskrywing van 'n (mak) kat/troeteldier.<br>• 'n huisdier/troeteldier (wat heeldag by die huis bly).<br>• die liefde vir 'n huiskat.<br>• die lekker lewe van 'n huiskat.<br>• 'n huiskat wat tevrede/gelukkig is.<br>• die liefde en versorging van die troeteldier.<br>• wat die huiskat vir die mens beteken.<br>• inligting oor 'n huiskat.<br>• enige huiskat.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.2.2 | • Die kat **strek** haar (bene) uit.<br>• Die kat **staan op**.<br>• Die kat **buig** (haar rug).<br>• **strek** hoog op vier strak bene, **buig**.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.2.3 | • "oopgevlek"<br>• oopgevlek<br>*(Enige EEN)*<br>*(EEN WOORD)* | 1 |
| | | |
| 9.2.4 | • "fluwelig"<br>• fluwelig<br>• Die pels lyk soos fluweel.<br>Die pels is sag/glad.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 9.2.5 | • B<br>• 'n metafoor.<br>• B 'n metafoor.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 9.2.6 | • smal/skerwe/smal skerwe (Vorm)<br>• agaat/bruin/geel/groen of kombinasie van kleure (Kleur)<br>• koud/sonder gevoel (Gevoel)<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 9.2.7 | • (Die spreker voel) die kat is sonder siel.<br>• (Die spreker) wil nie 'n waarde/identiteit aan die kat gee nie.<br>• (Die spreker) gee nie om/is nie lief vir die kat nie.<br>• "Ons noem haar 'kat' want sy is sonder siel en anoniem"<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.2.8 | • Gelaat<br>• "gelaat"<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 9.2.9 | • "kronkel"<br>• kronkel<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 9.2.10 | • Om die kat te steriliseer was, nie reg nie; eerder verkeerd vir die kat.<br>• Die kat is nie toegelaat om kleintjies te kry nie.<br>• Die kat se vermoë om te kan voortplant is van haar weggeneem.<br>• Daar was nooit iets verkeerd met die kat nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.2.11 | om die ekstra inligting te beklemtoon | 1 |
| | | |
| 9.2.12 | "steeds eenselwig, alle teerheid stuit"<br>*(Enige TWEE woorde se assonerende klanke moet onderstreep word)* | 1 |
| | | |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.2.13 | • Die spreker wou liefde vir die kat wys.<br>• Die spreker wou die kat vertroetel/streel/vriende maak/vrede maak.<br>• Die spreker wou aan die kat vat/met die kat speel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.2.14 | • Die kat maak haar oë toe (wil nie oogkontak maak nie).<br>• Die kat glip by die spreker se hand verby/skram weg/beweeg weg.<br>• Die kat vermy kontak met die spreker.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.2.15 | • Jy moet jou troeteldier/kat se behoeftes/persoonlikheid ken.<br>• Jy leer van 'n kat se temperament.<br>• Jy leer dat 'n kat ook emosies het.<br>• Katte hou nie altyd daarvan om vertroetel/gestreel te word nie.<br>• 'n Mens nooit 'n kat moet probeer besit nie<br>• Jy kan 'n kat moeilik tem.<br>• Dit is wreed om 'n kat te steriliseer.<br>• Jy leer verskillende eienskappe/feite oor 'n kat/eienskappe en feite kan genoem word. (Nie direkte aanhalings nie.)<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.2.16 | Dit dui aan dat ...<br>• die kat oorspronklik 'n wilde dier was.<br>• 'n kat 'n onafhanklike/eenselwige dier is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |
| | | |
| | | **TOTAAL AFDELING D: 35** |
| | | |
| | | **GROOTTOTAAL: 70** |

ÉcoleBooks

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM